



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**INTERMEDIÈRE FASE**

**GRAAD 6**

**NOVEMBER 2016**

**AFRIKAANS HUISTAAL V3  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 30**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 4 bladsye.

---

**ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE****AFDELING A: KREATIEWE TEKS – OPSTEL**

AFDELING A word volgens die rubriek uit 20 punte geassesseer.

Die leerder mag slegs oor EEN onderwerp skryf.

**Die formaat van die opstel.**

- Inleiding – moet treffend, relevant, saaklik en kort wees; slegs een paragraaf
- Liggaam – verskeie paragrawe met hoofgedagtes en ter ondersteuning daarvan
- Slot – laaste paragraaf – opsomming

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL: 20 PUNTE**

<b>KRITERIA</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>4</b>
<b>Toepaslike Inhoud</b>	Inhoud nie van toepassing. Onsamehangend. Idees vervelig. Swak aanbieding.	Inhoud nie altyd duidelik – samehang ontbreek, min idees. Gereelde herhaling van sinne.	Inhoud toepaslik geskik, voldoende samehang. Idees taamlik oorspronklik en relevant. Bevredigende opstel.	Inhoud baie oorspronklik. Idees verbeeldingryk. Interessant. Samehangende opstel.
<b>Taalgebruik en styl</b>	Taalgebruik swak. Storie vol foute. Woordkeuse beperk. Inspanning om te lees.	Taalbewustheid beperk. Taal eenvoudig. Teks nog heelwat vol foute.	Gemiddelde taalgebruik. Woordkeuse voldoende. Foute nie oorheersend.	Goeie taalgebruik. Kreatiewe idees. Storie foutvry.
<b>Spelling en punktuasie</b>	Baie spelfoute en swak gebruik van leestekens of geen leestekens 15 en meer foute.	Spelfoute by maklike woorde en swak gebruik van leestekens 10–15 foute.	Redelike gebruik van leestekens 6–10 foute.	Korrekte spelling en leestekens gebruik 1–5 foute.
<b>Sinsbou en paragrawe</b>	Swak sinne. Onderwerp nie aangeraak. Geen paragrawe.	Swak sinne. Poging om paragrawe te gebruik.	Redelike sinne en paragrawe. Sinne logies.	Puik sinne en paragrawe. Uitstaande en briljant saamgestel.
<b>Lengte van storie</b>	Te kort, min sinne. 1–2 paragrawe.	Lengte byna korrek, maar te min paragrawe 3–4.	Lengte korrek, maar net 5–7 paragrawe.	Lengte en woorde korrek in ooreenstemming met vereiste van onderwerp. 8 paragrawe.

## AFDELING B: DAGBOEKINSKRYWING

### 2.1 Assesseringsrubriek vir dagboekinskrywing 60–80 woorde. 10 punte

- 'n Dagboekinskrywing is aantekeninge in 'n dagboek.
- Die leerder moet in die eerste persoon skryf.
- Volsinne moet gebruik word.
- Datum en dag moet boaan verskyn.
- Skrywer moet begin met: Liewe Dagboek.

KRITERIA	1	2	3	4
<b>Formaat</b>	Vae idee van formaat. Foute egter gemaak.	Datum en dag neergeskryf.	Datum, dag en liewe dagboek neergeskryf. Formaat van hoë gehalte.	
<b>Inhoud</b>	Swak inhoud onvanpas op onderwerp.	Bevredigende inhoud, maar dwaal af van onderwerp.	Logiese sinne met betrekking tot onderwerp.	Goeie logiese sinne en uitstekende inhoud.
<b>Taalgebruik</b>	Swak sinsbou. Foute oorheersend.	Meeste sinne korrek geskryf. Enkele taal en spelfoute.	Alle sinne korrek geen taal- of spelfoute.	

### 2.2 INSTRUKSIES

- Instruksies verskaf stappe hoe om iets te doen.
- Sinne mag met 'n werkwoord begin.
- Instruksies kan puntsgewys of in paragraafvorm aangebied word.
- 60–80 woorde. (10 punte).

Kriteria	1	2	3	4
<b>Sinskonstruksie</b>	2–3 logiese sinne – korrekte taalgebruik.	4–6 logiese sinne – korrekte taalgebruik.	7–8 logiese sinne – korrekte taalgebruik.	Duidelike en korrekte taalgebruik.
<b>Volgorde</b>	Logiese volgorde tussen drie tot vier stappe.	Logiese volgorde tussen 5 of meer stappe.	Logiese volgorde tussen 2 stappe.	
<b>Inhoud met benodigdhede</b>	Geen items benoem afgewyk.	Items benoem in 2–5 sinne.	Items benoem in 3–5 sinne.	

## 2.3 Ooggetuie verslag rubriek

## Ontvoeringsverslag

<b>Naam van getuie</b>	Leerder moet sy naam en van skryf	<b>Geboortedatum</b> jaar, maand dag	(2)
<b>Adres</b>	Kerkstraat 12 Salsoneville Port Elizabeth 6001		(2)
<b>Datum van ontvoering</b>	dag, maand en jaar		
Beskrywing van wat gebeur het. Leerder moet die volgende in goeie sinne verduidelik. Wat gebeur het? Waar dit plaasgevind het en wat hy/sy alles gesien het?			(4)
<b>Datum</b>	<b>(enige datum na die ongeluk)</b>		(1)
<b>Handtekening van getuie</b>	Leerder se handtekening		(1)

**TOTAAL AFDELING B: 10**  
**GROOTTOTAAL: 30**